STALS BESPREKINGSDOKUMENT





DIE OU TESTAMENT GETUIG VAN CHRISTUS - TIPOLOGIESE LYNE VAN JOSEF NA CHRISTUS

Ons almal ken die herhaaldelike bevestiging van die NT dat die OT van Christus getuig, byvoorbeeld, Lukas 24:27 en 44-45*: "Daarna het Hy (Christus) by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê."* Tog word dit deur sommige Skrifverklaarders bevraagteken of die OT werklik van Christus getuig. My doel is nie om op die onaanvaarbaarheid van diesulke Skrifverklaarders se argumente in te gaan nie. Ek deel egter graag die skakel na 'n goeie artikel van Nicholas P Lunn (2012) wat:

- Leraars kan help om self die duidelike lyne tussen Christus en Josef te herken
- Leraars sal help om 'n wonderlike reeks preke oor Josef te maak wat pragtig en Skrifgetrou uitloop op Christus

http://www.etsjets.org/files/JETS-PDFs/55/55-1/JETS_55-1_27-41_Lunn.pdf

Lunn skryf dat daar, van die vroegste tye af, wye erkenning van die tipologiese aard van die Josef-verhaal in die Kerk bestaan het. Daar was wel diegene soos Origenes wat te ver gegaan het en allerlei onverantwoordbare allegoriese lyne in Josef se verhaal ingelees het. Die reformatore het gevolglik sterk reageer teen hierdie ekstreme vorme van allegorie. Iemand soos Calvyn het egter steeds die tipologiese lyne na Christus herken in die verhaal van Josef. Na die reformasie was daar sommiges wat weer oordrewe allegoriese idees uit die teks probeer bekom het, soos bv Coccejus. Weer het 'n oorreaksie gevolg waar tipologiese interpretasies van Josef se verhaal bevraagteken was. Hierdie ongemak om tipologiese lyne van Josef na Christus te erken en te herken, is vandag steeds teenwoordig by baie Skrifverklaarders.

Lunn se artikel het daarom die doel, om op Bybelse gronde, die profeties-tipologiese bedoeling van Josef se verhaal, aan te toon, soos deur die skrywers van die NT bevestig. Lunn skryf dat daar talle indirekte, eerder as direkte bewyse is dat NT skrywers Josef as 'n tipe van Christus beskou het. Hy spits hom daarom toe op Lukas se boeke (die evangelie en Handelinge). Lunn wys daarop dat daar veelvuldige bewyse is dat die NT skrywers berekend die verbande erken het tussen Josef en Christus.

Lunn verwys eerstens na Griekse woorspel in beide die Lukas-evangelie, asook Handelinge, wat toon dat Lukas die parallelle tussen Josef en Christus wou beklemtoon. Daarna gaan hy in op die verhaal van die landbouers/huurders om te toon dat Lukas nie valse parallelle probeer skep het tussen Josef en Christus nie, maar dat Jesus self hierdie lyne bevestig het, soos dit sigbaar word in die feit dat Mattheus, Markus en Lukas hierdie gelykenis van die huurders opteken en dat die woordspel konsekwent dui daarop dat Jesus self die verband tussen Hom en Josef by die dissipels tuisgebring het. Lunn wys ook op die gelykenis van die twee seuns in Lukas 15 wat op 'n andersoortige wyse parallelle trek tussen Josef se verhaal en diegene wat in Jesus glo.

Lunn maak die gevolgtrekking dat die getuienis duidelik is dat Lukas bewustelik en berekend sy lesers wil lei om die parallelle tussen Josef en Christus te sien. Lekker lees!

Pieter Prinsloo